

1 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 1:1-25

Fokusgedeelte: Lukas 1:1-4

### Deel die evangelie wat jou lewe ryk maak het met ander

Lukas is die enigste evangelieskrywer wat nie van Joodse afkoms was nie. Hy was 'n mediese dokter wat na alle waarskynlikheid van Antiochië in Sirië afkomstig was. Die wêreld waarin Lukas as kind en jongman gelewe het, was geestelik bankrot. Die Filosofie kon nie antwoorde gee op dringende vrae oor die sin van die lewe nie en die heidense godsdienste het denkende mense met afsku vervul. Mense was dringend op soek na rotsvaste godsdienstige kennis waarop hulle hulle lewens kon bou.

Dit is hierdie rotsvaste kennis wat Lukas gevind het toe hy uit die heidendom tot geloof in Jesus Christus gekom het. Van daardie oomblik af het hy gedeel in 'n rykdom wat alle aardse skatte verreweg oortref het. Hy was nou nie meer net dokter Lukas nie. Hy was Lukas, die medikus in diens van Jesus Christus en die koninkryk van lig! Daarom kon hy nie stilbly nie. Hy moes die evangelie deel met ander mense wat nog in geestelike bankrotskap geleef het. Een van hierdie bevoorregte mense was die "hooggeagte Teofilus" wat eers mondelinge onderrig ontvang het, en toe ook verder skriftelik in hierdie fyn-gestruktureerde evangelie onderrig is. Teofilus was ongetwyfeld 'n man van hoë aansien in die Romeinse staatshiërargie en hierdie evangelie is aan hom opgedra met die bedoeling dat hy sou help om die manuskrip aan 'n ruimer leserskring bekend te stel. Die **doel** hiervan is om Teofilus en elke ander leser, deur hierdie noukeurig nagevorsde verhaal, uit die donker tunnel van soekende onkunde in die ware kennis van Jesus Christus in te lei.

Is jy by die aanvang van 'n nuwe jaar dankbaar genoeg dat God in 'n wêreld van misleiding en valse godsdiens aan jou 'n evangelie gegee het wat "**heeltemal betroubaar**" is? Bou jou lewenshuis met vrymoedigheid op hierdie vaste Rots. En gaan ook verder: deel die goeie boodskap – soos Lukas – met mense wat jy ken!

Sing: Psalm 66:7

Ds JJ Cloete (Koster)